**Lukas 22:14-20** **HOME 3** **Londen, 17 Mei 2015**

**Johannes 6:26-36**

**Slide**

***Uitreik terugvoer – Brink***

Kos is groot in ons lewens! Massive... **slide**

Ons beste herinneringe van saamkuier is baie nou gekoppel aan saam-eet, rondom die etenstafel... Gunsteling gereg?

Die **5 grootste franchises** in die wr het almal met kos uit te waai – kitskos!

**5.** 7/11 **slide**
**4.** Burger King **slide**
**3.** KFC **slide**
**2.** McDonalds **slide**
**1.** Subway **slide**

Groot probleem: Verkeerde eetgewoontes, verkeerde kos maak jou vinniger dood...

**Ons moet anders eet**

**slide -** Ek wil deel wees van 'n gemeente, van **'n geestelike tuiste waar mense genoeg van die regte kos kry wat lewe bring**... (*Jamie Oliver se Food Revolution*)

**Eet die Woord** – **slide** Esegiel, Johannes in Openbaringe kry die opdrag om die boekrol te eet – dit bring lewe – voed, maak gesond, heel

As **Jesus** versoek word in **Matt 6:4** sê Hy self: ***"'n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom!"***

Hier is lewe, eet dit...

Ons geestelike groei is direk gekoppel aan die plek wat die Woord in ons lewens het... gemeente!

Dan gaan **Jesus** 'n stappie verder, **Hy maak dit persoonlik** – **slide** in **Joh 6:35** verklaar Hy dat Hy die brood is wat lewe gee. Ek gee lewe, eet My!

Hartseer is dat **Jesus baie meer het om te gee**, maar die Jode stel nie belang nie - **v 33-36**

***"Ek is die brood wat lewe gee... wat meer as versadig... wat werklik voed... wat jou diepste honger stil... wat lewe gee..."***

***Hartseer*: Ons glo ook nie hierdie aanbod nie!** Dink ander soort brood kan ons honger stil

**Jesus wil meer wees** as 'n wonderwerker – **Hy wil die brood wees wat vir ons lewe gee** – **v 35**

**Impak van 'n wonderwerk** – soek meer, oortuig net tot op 'n sekere vlak, vinnige oplossing... kitskos

Maak soms die fout om te dink dat **as Jesus net 'n wonderwerk doen, dan sal almal glo!!**

*as ons glo omdat Hy wonderwerke doen, gaan daar altyd nog 'n wonderwerk wees wat ons moet oortuig, die doelpale gaan bly skuif... omdat ek en my omstandighede die maatstaf bly*

**En Jesus doen dit – gee vir hulle 'n wonderwerk**, elke dag... beter as manna - gee Homself – **v 33, Luk 22:19**

Ons kan elke dag eet en versadig word – dit is die punt... elke dag eet

Ons kan elke dag in volledige afhanklikheid leef... nie met "Here, doen 'n wonderwerk nie, eerder met Here, ek vat U, eet U, bly afhanklik van U, soek U, kyk op na U, leef naby aan U, sien U raak as my brood wat my voed... met wie U is!

Grootste wonderwerk **– v 35 -** *God gee Jesus – Hy voed elke dag vir die res van jou lewe – geen groter wonderwerk nie*

**Jesus gee lewe, dit wat Hy vir ons gee om te eet, bring lewe** – deur sy dood – wat die Nagmaal wil vertel

Voordat Hy sterf gee Hy vir sy dissipels brood en wyn as tekens hiervan – **Luk 22**. slide

Baie nou gekoppel met sy lyding en sy dood – **Luk 22:15**

Hy sterf dat ons kan gesond word, kan lewe - deur sy wonde vir ons genesing gekom het.

Ons **eie swaarkry en lyding** veroorsaak soms dat ons **wegskram van hierdie God**, wat dit klaarblyklik toelaat, veroorsaak of soms *soos dit partykeer vir ons voel* met sy hande agter sy rug staan en kyk en nie kragtig wil ingryp nie.

En soms hou ons op eet... tot ons ontdek dat niks anders ons voed nie... bly honger

Jesus se sterwe maak egter dat ons anders hierna kan kyk - nie as arme slagoffers van ons swaarkry, lyding, nie-verstaan-nie of valse sekuriteite nie, maar as mense wat deur Hom gevoed word, vir wie Hy self sterf en God-verlate ly.

Ons hoef nie van honger dood te gaan nie... neem eet, drink daarvan en

En dit is wat ons elke keer vier met die Nagmaal, omdat ons mag glo dat dit die belofte dra van ons eie gesond word, ons kry hier lewe...

Net tekens – maar tekens wat vertel van brood wat lewe gee... wat die belofte van lewe dra...

**Uitdeel van tekens**
**Instel en saam gebruik**

**Challenge en Slotgebed** slide

**Kollekte**

- **Makietie**

**Seën**